

Kerngedagtes: Sessie 2: God se standaard van sukses

- Ons sukses word nie deur God gemeet aan hoe hard ons werk, hoeveel ons Evangelisasiewerk doen of gawes uitleef nie, maar aan die een ding: hoe ons liefdevolleverhoudings lyk. Want dit is hoekom Jesus aarde toe gekom het: om verhoudings te kom herstel.
- Liefde kom van God af, en as sy dissipels moet ons ook liefde uitleef. Ons word daaraan geken. Ons liefde vir mense verklap ons liefde vir (en nabyheid aan) God. Hierdie liefde is onvoorwaardelik, nie ogv ons eie konsep van liefde nie, maar God se standaard.
- Mens kan baie dinge na-aap en mense daarmee flous: 'n sekere taal wat jy praat, 'n sekere manier van hoe jy lyk, jou kennis wat jy het, dit wat vir jouself koop of aantrek. Een ding kan jy nie na-aap nie: ware liefde.
- Daarom is dit God se standaard. Hoe meer ons die 1ste gebod nakom (liefde vir God), hoe meer kan ons die 2de gebod nakom (liefde vir ons naaste.). Indien ons dus sukkel met ons verhouding met mense, moet ons dalk meer tyd met God spandeer.
- Die probleem kom in wanneer ons liefde wil uitoeven, maar daar mense is wat dit vir ons bitter moeilik maak. Dit is dat wat ons besef dit is nie ons eie pogings of intensies wat dit regkry nie, maar net indien ons 'uit God gebore' is. 'n Voorbeeld van die moeilikheid is om iemand wat jou tenagekom en seergemaak het te vergewe. In 'n suksesvolle, volwasse verhouding gaan ek dit regkry om selfs my vyande lief te hê en te vergewe, al hou ek nie van en vertrou ek nie daardie persone nie. Dit is dan wat ek myself moet oorgee en toelaat dat die Gees deur my werk, want ek kan nie alleen self nie.
- In ons pogings om op ons eie suksesvol te wees, sit ons almal maskers op, en wys ons vals self. Die **vals self** is die beeld wat ek van myself het, waar ons ego baie sterk na vore kom, ons begeertes, ons behoeftes, ons soeke na oorlewing, die maskers wat ons opsit om te kan oorleef, of om beter te lyk in ander se oë. Die leuens van ons vals self nl: Ek is wat ek het (besittings), ek is wat ek doen (my werk, my vermoëns, my intelligensie, my prestasies) en , ek is wat ander van my dink of hoe hulle teenoor my optree. Die **ware self** is wie ons regtig is, wie ons is as ons broos (naak) voor God staan, my identiteit in Christus.
- Dit help nie ek hoor God (noem Hom 'Here, Here' nie), maar doen nie wat Hy sê nie. Die Here vra gehoorsaamheid. Liefde lei tot gehoorsaamheid. Indien ek suksesvol wil wees in God se oë, is ek gehoorsaam soos Jesus, en gaan doen ek liefde soos Jesus.
- En dit begin by die mense naaste aan jou.